Woodoc 2000 Spesifikasieblad

Tipiese Aanwending:
Woodoc 2000 word slegs aanbeveel vir binnenshuise afwerkings en is geskik vir alle meubels. **Nie geskik vir gebruik op vloere nie.**

Produkeienskappe:
Woodoc 2000 is 'n sneldrogende, ekonomiese en sterk eenlaagverseëlaar. Woodoc 2000 kan met 'n sproeispuit of verfkwas aangewend word. Wend een kwistige spuitlaag aan, maar maak seker dat die oppervlak oraloor egalig blink bly vir ten minste 10 minute. Herbenat enige dowwe kolle. Dieselfde metode kan gevolg word vir kwasaanwending, maar wees versigtig vir kwasmerke, omdat Woodoc 2000 so vinnig droog word. Woodoc 2000 gee 'n baie harde, krapbestande afwerking. Woodoc 2000 is ook verenigbaar met al die Woodoc Kleure- en Woodoc Beitskonsentrate. **Let wel: Die byvoeging van Woodoc Kleure of -Beitskonsentrate kan egter droging vertraag.**

- Sneldrogend: 30 minute – 1 uur – afhangende van atmosferiese toestande.
- Laat 18 – 24 uur tot harddroog.
- Verdun slegs met 10% minerale terpentyn.
- Eenlaagaanspuit- of kwasaanwending.
- Vul die houtgrein.
- Beskikbaar in glans- of laeglansafwerking.
- Water-, hitte- vlek- en alkoholbestand.
- Nie-giftig wanneer droog.
- Beïnvloed nie lym nie.
- Volledige gebruiksaanwysings op etiket.

Nr: WD2000/002
Gedateer: 11/10/11
Naam:
Woodoc 2000 – Professionele Houtverseëlaar
Beskrywing:
Kleurloos; Sneldrogend; Enkellaag; Spuit- of kwasaanwending; Glans- of laeglansafwerking.
Dekking:
± 8 m^2 per liter, afhangende van houtporositeit en dikte van laag.
Aanwending:
Spuitaanwending word aanbeveel. Kwas kan ook gebruik word. Maak kwas en spuittoerusting met minerale terpentyn skoon.
Verdunning:
Verdun die produk slegs met minerale terpentyn, met nie meer as 10% nie.
Drogingstyd:
Hantering: 30 minute tot een uur.
Hard: Laat 18 -24 uur tot harddroog.
Droging sal varieer, afhangende van vog- en atmosferiese toestande.
Produkeienskappe:
Kleurlose, loodvrye binnenshuise houtverseëlaar.
Wasinhoud: Geen
Verenigbaarheid:
Minerale Terpentyn.
Onverenigbaarheid:
Asetoon, Lakverdunner, Benseen en ander oplosmiddels.
Verpakking:
1 liter, 5 liter. (20 of 200 liter op versoek by handelaar beskikbaar)

LEES ALTYD DIE AANWYSINGS OP DIE BLIK VOOR AANWENDING.
VLAMBAAR. Hou buite bereik van kinders. Skadelik wanneer ingeneem word. Ingestie kan chemiese pneumonitis veroorsaak.
BELANGRIK: Hierdie produk word hard indien dit met suurstof in aanraking kom. Maak blik na gebruik goed toe om beter te bewaar.

Woodoc
FOOD FOR WOOD

Vervaardig en bemark deur:
Rekara Mills (Edms.) Bpk.
Posbus 16, Fort Beaufort, 5720, Suid-Afrika
Tel. +2746 645 1109 Faks +2746 645 1538

Kliëntediens:
Tolvry gedurende kantoorure 0800 411 200 (Slegs Suid-Afrika)
E-pos: information@woodoc.com of besoek www.woodoc.com